DIE KERK TOEGANKLIK VIR ALMAL

Verander jou kerk in 'n plek wat vir

persone met gestremdhede

ook 'n tuiste is

1 DIE REIS NA 'n "KERK VIR ALMAL"

Persone met gestremdhede kom voor verskeie hindernisse te staan wanneer hulle die kerk besoek. Die houding van lidmate wissel van ignorering tot oor-reaksie en dit verhinder spontane deelname. Selfs die warmste verwelkoming koel gou-gou af as opritte ontbreek, toilette ontoeganklik of preke onhoorbaar is.

RampUp bied egter 'n kans om te leer hoe sulke houdings en fisiese versperrings mense laat wegbly van jou kerk, en te ontdek hoe 'n bietjie bewusmaking en eenvoudige aanpassings jou kerk kan verander in 'n plek waar almal tuis kan voel.

Die webtuiste www.rampup.co.za is propvol idees waarmee jy spoedig 'n gemeente kan skep waar elkeen waardeer word - 'n gemeente waar elkeen volgens sy individuele potensiaal ten volle kan deelneem. Ons dink graag hieraan as 'n reis na 'n "Kerk vir almal". Op 'n reis word daar gewoonlik baie stories vertel wat ook 'ligter oomblikke' meebring. Dus bevat hierdie reisdokument ook staaltjies, sommige van ligter aard, wat die prettige ervarings van 'n lewe met gestremdheid weergee. Sien ☺.

2 DIE REIS BEGIN HIER

Die storie word vertel van 'n motoris wat op pad na die lughawe verdwaal het. Hy hou toe by 'n motorhawe stil om aanwysings te vra. (Ons besef nou dat die motoris 'n vrou was ☺) Nadat die hulpvaardige pompjoggie fyn na haar versoek vir aanwysings geluister het, sê hy: "Wel, ek sou nie van hier af begin nie." ☺

Dit is net so waar wanneer ons die reis begin na 'n inklusiewe kerk.

Wees sensitief daarvoor om nie die reis aan te pak met negatiewe definisies van gestremdheid nie. (Sien voorbeelde hiervan in punte 2.3 tot 2.7 van hierdie dokument.) Sulke definisies beklemtoon negatiewe kwessies; dit fokus op beperkings i.p.v. om die weg te baan na moontlikhede van dink oor gestremdheid. Karteer jou posisie op die kaart deur te verwys na die volgende definisie:

2.1 Definisie van 'Gestremdheid'

Gestremdheid word dikwels geassosieer met die belemmering van mobiliteit, maar dit is 'n veel wyer konsep.

Die Verenigde Nasies se Konvensie insake die Regte van Persone met Gestremdhede stel dit so:

"Persone met gestremdhede sluit diegene in wat langtermyn fisiese, geestes, intellektuele, of sintuiglike inkortings het wat in interaksie met verskeie hindernisse hulle volle, effektiewe deelname in die gemeenskap, op 'n gelyke basis met andere, bemoeilik."

Afgesien dus van fisiese beperkings, sluit hierdie definisie ook sensoriese beperkings in soos visie en gehoor; asook onsigbare beperkings in bv. geestes- en intellektuele gestremdhede en

toestande soos diabetes en epilepsie. Persone met ernstige verminkings word ook hierby ingesluit, want daar mag dalk teen hulle gediskrimineer word op grond van hulle voorkoms.

Dit gebeur dikwels dat persone met gestremdhede onderhewig is aan diskriminasie, afgesien van die aard van hulle gestremdheid.

2.2 Belangrike sienswyses omtrent gestremdheid

Aanvullend tot definisies van gestremdheid, is daar ook 'n aantal sienswyses oor gestremdheid, soms modelle genoem. Hierdie beskouings dien as aanvullende definisies en hulle oefen 'n kragtige invloed uit op die vorming van houdings. Gewoonlik is hierdie sienswyses meer implisiet as eksplisiet in mense se begrip van gestremdheid.

Elke sienswyse is soos n gekleurde lens waardeur gestremdheidskwessies beskou word. Verskillende lense gee verskillende perspektiewe, deurdat dit sekere inligting uitfiltreer en ander aspekte weer oorbeklemtoon, m.a.w. geen enkele lens gee 'n volledige prentjie nie.

Die sienswyses word hieronder opgesom om te toon hoe verskillende beskouings aanleiding gee tot verskillende benaderings en die impak daarvan in die lewe van persone met gestremdheid. Terwyl hierdie sienings die onderwerp van intense bespreking vorm, val so 'n debat buite die omvang van hierdie dokument. Die doel van hierdie opsomming is nie om te redeneer dat een siening verhewe bo, of nuttiger as 'n ander een is nie. Dit is om te beklemtoon dat verskillende aannames tot verskillende benaderings aanleiding gee en 'n impak het op die interaksie tussen gestremdes en nie-gestremdes. Dus stel dit die leser in staat om sy / haar eie vooropgestelde menings te ondersoek.

2.3 Gestremdheid is 'n mediese kwessie

Die mediese uitgangspunt is waarskynlik die mees algemene benadering tot gestremdheid. Hier volgens word mense met gestremdhede beskou as "mense met probleme", of as invalides wat mediese hulp benodig. Gestremdheid word beskou as 'n gesondheidsprobleem wat 'n mediese oplossing vereis.

Die aandag word toegespits op die verandering, verbetering en 'n normalisering' van mense deur middel van mediese behandeling. Daar word gefokus op wat die persoon *nie* kan doen nie. Hierdie gesigspunt glo dat dinge gedoen moet word *vir* mense met gestremdhede en daarom impliseer dit 'n 'genesing en versorging' benadering wat miskyk dat hul wel vermoëns het.

Hierdie siening is problematies, omdat diegene wat dit huldig, nie besef dat die meeste mense met gestremdhede nie siek is nie en slegs in spesifieke gevalle mediese hulp benodig. Die siening impliseer ook dat mediese professionele persone sogenaamd die besluitnemings-reg het en ontneem in baie gevalle die persoon met die gestremdheid se eie beheer oor sy situasie.

2.4 Gestremdheid is 'n tragedie

Baie mense beskou gestremdheid as 'n tragedie en is van mening dat lewe met 'n gestremdheid 'n voortdurend, neerdrukkende ervaring is. Sodoende word mense met gestremdhede dikwels bejammer en as 'ongelukkig' ('the less fortunate') beskou.

Die aanvang van 'n permanente en wesenlike gestremdheid, of die geboorte van 'n gestremde kind, is vanselfsprekend 'n ontstellende gebeurtenis. Mense is egter veerkragtig genoeg om aanpassings te maak; dus is dit onvanpas om elke geval van gestremdheid as intrinsiek 'tragies' te bestempel. Die aanvang van gestremdheid vereis natuurlik aanpassing en mag ook beteken dat die persoon beduidende hulp benodig. Die persoon leer egter om aan te pas by sy/haar (nuwe) situasie en om dit te aanvaar. Nadat die persoon dan vrede gemaak het met sy/haar nuwe omstandighede, gaan hy/sy aan met die lewe deur te strewe na persoonlike groei en sosiale integrasie.

☺

Van Wendy, 'n swaksiende persoon in Bloemfontein:

Die biltongwinkel het eiesoortige ligte en toe ek iets soortgelyk sien skyn in die winkelvenster, het ek gedink ons het ons bestemming bereik. Toe ons egter instap, was daar geen kenmerkende biltongreuk wat my neusgate begroet nie.

Ek vra toe die vrou by die toonbank waar ons was.

"Julle is by die oogkundige – kan ek julle help?"

Onmiddellik bars ons uit van die lag! Uiteindelik slaan ek remme aan en sê vir haar: "Ek dink ons is 'n bietjie verby enige hulp!"

Die enigste woord wat die dame beswaard kon uiter was: 'Siestog!' Sy het nie die humor in die situasie verstaan nie.

2.5 Gestremdheid het godsdienstige betekenis

Volgens hierdie siening word mense met gestremdheid gesien as individue wat voortdurend behoefte het aan Goddelike genesing; daarom moet hulle aangemoedig word om groter geloof te beoefen ten einde 'genees' te word. Heelwat aandag word gewy aan die soeke na geestelike verklarings en oorsake vir die gestremdheid. n Lewe met gestremdheid word gesien as 'n lewe onderhewig aan lyding wat summier reggestel moet word.

Hoe dit ook al sy, elkeen van ons ondervind lyding in een of ander vorm. Of ons gestremd is of nie, ons leef in 'n onvolmaakte wêreld en niemand word van lyding uitgesluit nie.

Die lyding van gestremde persone word soms ook vergeestelik deur mense wat glo dat "heiligmaking verkry word deur lyding"; hulle glo byvoorbeeld dat dit die lyers op 'n unieke wyse voorberei vir 'n taak in die Kerk.

Dit behoort egte eerder die geval te wees dat gelowiges se rolle in die kerk bepaal word deur aanleg, belangstellings en die gawes van die Heilige Gees, en nie deur ander se perspesies van hul spiritualiteit nie. 'n Mens moet dus baie versigtig wees om nie 'n spesifieke rol aan 'n persoon toe te wys op grond van jou eie persepsies nie.

2.6 Gestremdheid as onbevoegdheid

Mense met gestremdhede word beskou as passief en onbevoeg om 'n bydrae tot die samelewing te lewer. As gevolg van so 'n standpunt fokus baie kerkmense hulle energie op voorbidding vir 'genesing' en om goeie dade vir gestremdes te doen asof hul tot niks in staat is nie. Hul werk dus nie mee om persepsies-, houdings- en fisiese versperrings tot deelname af te breek nie.

Terwyl die Kerk 'n spesiale taak van omgee het ten opsigte van kwesbare mense, behoort dit 'n soeke na maniere om hulle te bemagtig in te sluit, eerder as om afhanklikheid in stand te hou.

2.7 Gestremdheid as 'n uitdrukking van die gemeenskap se houdings -die sosiale model van gestremdheid

Hierdie siening verskuif die fokus vanaf die individu met gestremdheid na die gemeenskap se houdings en die omgewing. Dit staan in skrille kontras met al die vorige uitgangspunte. Die sosiale en mediese sienings (punt 2.3) word dikwels langs mekaar gestel as twee pole van die "wat is gestremdheid" - debat.

Die sosiale uitgangspunt fokus op die verandering van die omgewing, sodat almal op gelyke voet kan deelneem. Dit beklemtoon die regte van mense met gestremdhede en beskou gestremdheid as deel van diversiteit. Hierdie standpunt argumenteer dat gestremdheid die gevolg is van 'n ontoeganklike omgewing en van diskriminerende houdings, beleid en prosedures. Dit beteken dat mense nie gestrem word deur hulle beperkings nie, maar deur die reaksie van die gemeenskap. Dit kan die Kerk insluit, wat hulle behandel as "anders" a.g.v. hulle belemmeringe, en wat hulle dan uitsluit d.m.v. houdings- en strukturele versperrings.

Die sosiale model kan egter die Kerk help om elkeen se uniekheid voor God te erken. Dit bevorder respek vir elkeen as gelykwaardige burger van Sy koninkryk. Dit werk ook mee om die skanse te verwyder wat deelname voorkom.

2.8 Ter opsomming: Ons is almal gelyk

Nie een van ons is presies soos wat God ons bedoel het ons moet wees na liggaam, verstand en gees nie. Ons behoort dus weerstand te bied teen de gedagte om aan mense in die Kerk rangordes toe te ken volgens voorkoms en vermoë. *Ons trek gelyk as dit by kwesbaarheid kom*.

"Disability is not a 'brave struggle' or "courage in the face of adversity" …

disability is an art. It's an ingenious way to live." Niel Marcus

"Gestremdheid is nie 'n 'dapper stryd' of 'moed wanneer teenspoed toeslaan' nie' ….

Gestremdheid is 'n kuns. Dit is ''n vindingryke lewenswyse." Niel Marcus

Dr Reg Codrington se artikel "The image of God in man" bied Bybelse perspektiewe oor die beeld van God in alle mense.

☺

Johan, 'n rolstoelgebruiker in Pietermaritzburg, wou die straat kruis. Met groot moeite manuvrueer hy sy rolstoel van die sypaadjie tot in die straat. 'n Verbyganger sien hom en neem sondermeer aan dat Johan by die sypaadjie wil opkom. Met een pluk is Johan en sy rolstoel terug op die sypaadjie! Met 'n vrolike glimlag en 'n "Daar's hy," verdwyn die weldoener in die niet. Ai-ai, al die moeite verniet! Het die vrolike vriend tog maar net gevra wat hy vir Johan kon doen!

3 PADVERSPERRINGS

3.1 Houdings en gesindheid

Op die meeste lang reise kan ons een of twee padversperrings verwag. Dit geld ook vir die reis na 'n inklusiewe Kerk.

Wat waarskynlik die grootste versperring vir gestremdes vorm, is een wat onsigbaar is, naamlik houdings:

"Die kerk fokus op my beperkings en ek kry nie 'n geleentheid om my talente te beoefen nie. Net omdat ek in 'n rolstoel is, dink hulle ek kan nie myself help nie, wat nog te sê van hulp wees vir iemand anders!"

As 'n leier in jou kerk, wil jy sekerlik graag sien dat almal betrokke is die gemeente. Die goeie nuus is dat meeste persone met gestremdhede graag 'n praktiese bydrae sal wil lewer en slaggereed is om jou gemeente te help om die volgende vlak te bereik. Mense se talente kan egter dalk steeds geïgnoreer word omdat hulle blind of doof is. Selfs wanneer hulle gawes ooglopend is, is daar soms houdings van mense wat hul deelname beperk.

Die gemeenskap is dikwels bygelowig of agterdogtig omtrent gestremdheid. Hierdie bygelowe mag selfs met 'n Bybelse vernis-lagie bedek wees. Selfs Christene kan wanopvattings huldig oor die oorsake en implikasies van gestremdheid. Om die waarheid te sê, sommige mag selfs glo dat hulle sieninge Bybelsgefundeer is. Jou gemeentelede is nie immuun teen hierdie mites nie; dit vind uitdrukking in opvattings omtrent die oorsake en implikasies van gestremdheid.

So byvoorbeeld sien mense dikwels 'n verband tussen sonde en gestremdheid. Dit impliseer dat mense met gestremdheid groter 'sondaars' as ander lidmate is; gevolglik sal die gemeente mense met gestremdhede ontmoedig om deel te neem aan kerklike aktiwiteite.

Soos 'n persoon in Stellenbosch dit gestel het:

"Ek het geen beheer oor my uiterlike voorkoms nie, maar dit is op my voorkoms wat ek beoordeel word."

Soms is daar direkte verwerping:

Hier haal ons aan wat kerklidmate met gestremdhede uit verskillende dele van Suid-Afrika vertel het oor hul ervaringe:

"Toe ek my pastoor gaan besoek het, wou hy my nie in sy huis toelaat nie. Toe ek vra vir drinkwater, bied hulle dit vir my aan in die hond se bak. (Hulle kon dit ten minste eers uitgespoel het!) - En dit alles net omdat ek met krukke oor die weg kom."

"Ek het my gestremde kinders kerk toe geneem. Daar het hulle ons op matte op die vloer laat sit. Toe ons vertrek, het hulle die matte verbrand!"

"Toe ek by die kerk aankom met my gestremde baba, was daar mense wat vir my gesê het dat mý sonde my kind se probleme veroorsaak het."

Ander reaksies is minder ekstreem, maar hulle vervang verwerping met bejammering. Die persoon hunker dalk daarna om sy/haar talente in diens van die kerk aan te wend, maar die kerk verkies dit om persone met gestremdheid as voorwerpe van bediening te beskou.

"Sommige kerkmense skryf vir my voor. Hulle dink nie dat ek 'n wil van my eie het nie."

"Die predikant sê toe vir my dat die huwelik nie vir gestremde mense bedoel is nie en weier opsluit om ons te trou. Ons moes rondsoek vir'n leraar wat gewillig was om ons huweliksbevestiging waar te neem."

"Mense praat met my asof ek 'n kind is - net omdat ek nie kan loop nie."

"Die kerk sien my as 'n las op die gemeenskap. Hulle gun my nie eers 'n staatstoelaag nie."

"Daar is vir my gesê dat my gebrek aan geloof die rede is waarom ek nie kan hoor nie."

"My kerk glo dat slegs getroude persone leiersposisies kan beklee. Weens my gestremdheid is dit onwaarskynlik dat ek ooit sal trou. Dit beteken dus dat ek nooit 'n leiersposisie in die kerk sal kan beklee nie."

"Die kerk verstaan nie dat ek ook aspirasies het nie; hulle reken dat ek maar met my lot tevrede moet wees."

Waar kerke hulle houding verander het, het hulle die vreugde ontdek wanneer mense met gestremdhede en dié daarsonder, in vennootskap hulle gawes beoefen. Ja, daar is kerke in Suid-Afrika waar mense met gestremdhede selfs die leiding neem!

'n Goeie voorbeeld van insluiting is 'n blinde, professionele persoon in Port Elizabeth, wat vir die afgelope tien jaar 'n selgroep van haar kerk by haar huis ontvang. Tydens hulle byeenkomste bedien sy verversings. Verder kook sy ook maaltye vir spesiale geleenthede. Hierdie blymoedige gasvrou se liefde vir koskook en onthaal wys dat sy vreugde daarin vind om die lede van haar selgroep en andere te bedien, en dit is nooit vir haar 'n las nie. Die lede van die selgroep het eerstehands van 'n gestremde se onafhanklike lewenstyl geleer, en dit het hulle opvattings omtrent gestremdheid positief beinvloed.

Haar liefde vir haar medelidmate het haar genoop om 'n sosiale groep in die kerk te stig, maar sy reël ook sosiale aktiwiteite vir die hele gemeente.

Benewens bogenoemde verpligtinge, maak sy tyd om die kerk se tydskrif te redigeer. Die sagteware wat die rekenaarskerm vir haar lees, stel haar in staat om dit te doen.

Haar gewilligheid om te dien en haar medegelowiges se gewilligheid om haar te aanvaar, het gelei tot hegte vriendskappe; gevolglik is daar altyd iemand wat meer as gewillig is om haar op te laai kerk toe.

Dit is hartseer dat baie mense met gestremdhede beleef dat hul nooit ten volle by hulle kerke aanvaar word nie. Hulle voel uitgelaat, op 'n syspoor gestoot, oor die hoof gesien, of dat hulle as 'spesiale gevalle' anders behandel word. By implikasie word hulle van die res geskei. Daar is 'n algemene gevoel dat gemeentelede nooit tyd maak om kennis te maak met hulle nie, of om 'n beter begrip van gestremdheid te ontwikkel nie.

"Ek kan aan die meeste aktiwiteite by die kerk deelneem, maar ek voel uitgesluit wanneer die tyd vir die jaarlikse 'retreat' aanbreek. Die plek waar dit gehou word is ontoeganklik vir rolstoele."

"Mense praat met my assistent, nie met my nie. Hulle tree op asof ek hulle nie kan sien of hoor nie."

"Die pastoor kyk my toe skeef aan omdat ek 'n babatjie het; hy reken dat ek weens my gestremdheid nie behoorlik vir 'n kind kan sorg nie."

Mense se houdings word dikwels beïnvloed deur negatiewe ervarings van gestremdheid gedurende hulle kinderjare. 'n Persoon wat sulke ervarings nie verwerk het nie, mag dalk steeds 'n wrewelrige houding teenoor mense met gestremdhede koester.

Frans se suster Nellie is met 'n gestremdheid gebore. Dit het tot haar dood gelei toe sy 'n tiener was. Frans is nou in sy laat veertiger jare en blameer Nellie nog steeds daarvoor dat sy hom van sy ouers se aandag beroof het. Gevolglik is hy negatief ingestel teenoor mense met gestremdhede.

By die werk is hy geneig om sy blinde kollega se beperkinge uit te wys. Só doen hy afbreuk aan haar pogings om rondom hierdie hindernisse te werk, terwyl hy haar konsekwente bereiking van produksiedoelwitte nie raak sien nie.

Frans is lid van die kerkkoor. Hy is geïrriteerd met die tenoor wat krukke gebruik. Frans se klagte is dat die jong man te hard, asook vals sing. In albei gevalle vestig hy aandag op die twee mense se beperkinge.

Sy se negatiewe houding beïnvloed die mense met wie hy in aanraking kom. By die werk fokus meer kollegas ook nou op hulle blinde medewerker se beperkinge. Al hoe meer koorlede beskou die jong tenoor as 'n swak sanger. Omdat die meeste mense alreeds bevooroordeeld is teenoor mense met gestremdhede, word Frans se bondgenote maklik deur sy negatiewe aanmerkings beïnvloed.

Natuurlik is alle blinde mense nie werksverslaafdes nie, en alle mense met gestremdhede is nie noodwendig goeie sangers nie. Hulle is egter unieke individue wat gerespekteer moet word vir hulle bydrae tot die lewe – en hulle behoort nie in boksies geplaas te word nie.

3.2 Gebede en genesing

Ons sal die kwessie van gebede en genesing later in meer besonderhede ondersoek (sien punt 7), maar dis belangrik om kennis te neem van mense met gestremdhede se negatiewe ervarings in dié verband:

"Wanneer die tyd vir gebed aanbreek, gryp mense my rolstoel en stoot my vorentoe. Hulle aanvaar sommer dat ek genesing soek - hulle besef nie dat ek reeds vrede gemaak het met my situasie nie."

"Hulle het vir my gesê dat my kind reeds gesond sou gewees het as ek eers na hulle kerk toe gekom het vir gebed."

"Ek veg teen kroniese depressie en my kerk sê dit is omdat ek nie glo in die helende krag van God nie."

"Die pastoor sonder my uit vanuit die preekstoel en roep my vorentoe vir gebed; hy doen dit nooit met ander lidmate nie."

"My pastoor is van mening dat ek nie werklik gered is nie omdat ek steeds doof is nadat hy vir my gebid het."

"Ek is nie siek nie. Ek het nie mense nodig wat gedurig vir my bid vir genesing nie."

3.3 Argitektuur

Wanneer mense dit oorweeg om die toeganklikheid vir mense met gestremdhede te verbeter, dink hulle ten eerste aan die veranderings wat aan geboue aangebring moet word. Ons plaas egter die klem eerstens op veranderde houdings, want ons glo dat positiewe houdings die gewilligheid om geboue toeganklik te maak tot gevolg sal hê.

Die volgende aanhalings, geneem uit 'n navorsingsprojek van Suid-Afrikaanse kerkgangers, illustreer die fisiese versperrings wat by kerke teëgekom word:

"Wanneer ek by die kerk aankom in my rolstoel, stoot mense my na een van die sykante toe. Hulle sê dan is ek nie in die pad nie."

"Daar's nie plek vir my rolstoel by die nagmaaltafel nie."

"Wanneer die liedere op die skerm geprojekteer word en almal staan op om te sing, kan ek nie die woorde sien nie en ek voel uitgesluit."

"Ek wil graag by my gesin sit, maar daar is nie 'n inham langs die kerkbank vir my rolstoel nie; daarom moet ek op my eie agter in die kerk sit."

"Ek haat dit as mense 'n gedoente daarvan maak om vir my plek in te ruim, bv. rondskarrel en stoele rondskuif. Dit vestig onnodige aandag op my en laat my verleë voel."

"As ek 'n troue wil bywoon, moet ek eers my man stuur om te kyk of die kerk my kan akkommodeer. Ek loop dikwels ook ander familiegeleenthede soos doop mis, omdat die betrokke kerkgeboue geen opritte vir my rolstoel het nie."

"Die kerk verstaan nie dat al sy fasiliteite toeganklik moet wees nie – as 'n pa met 'n gestremdheid, wil ek per geleentheid my dogter se Sondagskoolklas besoek, maar die Sondagskool-afdeling is nog glad nie toeganklik vir my nie."

"Toegang tot ons kerk is in orde, maar niemand het tot dusvêr nog aan die toilette gedink nie."

"Hulle bou toe 'n toilet vir rolstoelgebruikers soos ek, maar daarna is die plek as 'n stoorkamer gebruik."

"Hulle wil my in die kerkbank laat bly sit vir nagmaal. Hulle verstaan nie dat ek ook vorentoe wil gaan en nagmaal daar saam met die ander lidmate wil ontvang nie."

"Mense mor wanneer my gidshond die kerk binnegaan."

"My kerk dink gestremdheid gaan net oor rolstoele. Nadat hulle 'n paar opritte gebou het, is die aanpassingsprogram beëindig."

"My seun het 'n gestremdheid wat hom rusteloos maak. Lidmate vererg hulle as hy opgewonde raak gedurende die diens. Hulle voel hy moet liewers tuis bly. Hulle begryp nie hoe belangrik dit vir almal van ons is om as''n gesin saam te aanbid nie."

"Ek dink mense is bang vir my, want my gestremdheid herinner hulle aan hul eie kwesbaarheid. Hulle kyk na my in my rolstoel en wonder hoe hulle dit sal verwerk as hulle verlam sou wees."

"Die res van die gemeente dink dat my dogter te min begryp om as lidmaat aangeneem en voorgestel te word, aangesien sy verstandelik gestrem is."

"Mense maak 'n ophef van my kind wat outisme het. Ek besef hulle bedoel dit goed, maar my ander kinders voel oor die hoof gesien - asof hulle nie belangrik is nie."

☺

Omdat ek en my vrou blind is, maak ons staat op vriende om ons kerk toe te neem. Een Sondag het ons 'n kragonderbreking in ons woonstelblok gehad, terwyl die vriende wat ons vir kerk kom haal het, by ons gekuier het. Toe dit tyd is om te vertrek, was dit pikdonker en die hysbak het doodstil gestaan. Die enigste pad vanaf die sewende verdieping na benede was af met die trappe! Omdat niemand toe kon sien nie, het ons 'n trein gevorm – die spreekwoordelike moltrein – met mý as lokomotief! Al gehoor van die blinde wat die blindes lei?

4 DIE KEUSE VAN 'n ROETE

Toe ek 'n kind was, het dit só gewerk: As jy iemand vertel het dat jy vanaf Johannesburg Kaapstad toe gaan vir jou vakansie, doem die groot vraag op of daar via Bloemfontein of via Kimberley gery gaan word. As jy ekstra tyd vir jou reis gehad het, kon jy die N1 by Colesberg verlaat en via die Tuinroete reis.

Net so is daar verskeie roetes waarlangs 'n gemoedelike gemeente geskep kan word waar gestremdes ook tuis voel. Om mee te begin, vra mense uit oor presies hoe hulle gestremdhede hulle deelname aan 'n kerkdiens beïnvloed. Moenie bloot aanvaar dat elkeen dinge op dieselfde wyse ervaar nie. Sommige gestremdhede is nie uiterlik ooglopend nie, maar kan dalk 'n groot impak hê op die interaksie met ander by die kerk, en kan bepalend wees of hulle hoegenaamd kerkdienste kan bywoon of nie. As jy reeds lidmate met gestremdhede het, oorweeg dit om hulle in jou inisiatiewe te gebruik. Soms sal die Kimberley-roete beter wees as die een via Bloemfontein, maar moenie sommer aannames maak nie.

Watter roete jy ook al Kaap toe volg, dieselfde voorwaardes geld. Hou by die snelheidsgrense, stop gereeld om bietjie te rus en maak seker dat jy genoeg brandstof het vir daardie lang skofte deur die Karoo.

Net so is daar ook 'n paar beginsels om in gedagte te hou wanneer ons 'n inklusiewe kerk wil ontwikkel. Die beginsels wat hier volg is fundamenteel by kerke waar almal welkom is, en ten volle bemagtig en aanvaar word. Almal behoort onvoorwaardelik verwelkom te word in die kerk - dis waar ons een liggaam vorm met Christus as ons Hoof.

Rampup se tema, "Plek vir Meer", is geneem uit Lukas 14, veral vers 22. Die slaaf is verwonderd daaroor dat daar nog plek is vir baie meer, ten spyte van die menigte verstotelinge wat hy alreeds na sy meester se feesmaal gebring het. Hierdie gelykenis illustreer die besondere gasvryheid van die gasheer wat sy slaaf beveel om nog gaste buite die grense van die dorp te gaan soek. By hierdie feesmaal is selfs vreemdes buite die dorpsgrense welkom. Met hierdie gelykenis daag Jesus Sy toehoorders uit om op nuwe maniere te dink oor wie aan die koninkryk van God behoort. Dit herinner ons ook daaraan om voortdurend almal onvoorwaardelik as deel van die kerk te verwelkom, insluitend diegene wat van die vroegste tye af deur die gemeenskap uitgesluit is.

☺

Omdat ek blind is, neem mense dikwels sonder meer aan dat ek ook doof moet wees. Toe ek nog alleen was, moes ek my sokkies self in pare rangskik – iets waarmee ek nie baie goed was nie. Eendag toe ek per bus op pad was na 'n funksie, gil 'n vrou in my oor, "Jy het 'n onpaar sokkies aan!" Ek antwoord toe net so hard daarop, "Ek weet. Ek het presies net so 'n paar sokkies in my laai by die huis!"

4.1 Beginsels vir die ontwikkeling van 'n inklusiewe gemeente

4.1.1 Lei deur gebed

Oordink biddend die geleenthede ten opsigte van persone met gestremdhede wat vir jou en jou gemeente voorlê. Jy sal mense nodig kry om jou te help met die ontwikkeling van 'n inklusiewe gemeente. Bid vir vrywilligers wat sal deelneem aan die verwelkoming en inskakeling van mense met gestremdhede en hulle gesinne. Bid vir die verhoudings wat gaan ontstaan wanneer hierdie inisiatief geïmplementeer word. Vir jou gemeente ontstaan daar nou opwindende moontlikhede.

4.1.2 Fokus op mense, nie op programme nie

Die bediening van, en saam met mense met gestremdhede vereis nie nuwe programme nie. Beywer jou liewers daarvoor om almal te betrek in bestaande aktiwiteite, maar maak seker dat mense met gestremdhede deelneem aan dié waarin hulle belangstel. Dit impliseer dat mense met gestremdhede 'n integrale deel is van die proses, terwyl hulle ook kan leiding neem in inisiatiewe vir insluiting.

4.1.3 Leer by ander

Maak kontak met ander kerke en gestremdheidsorganisasies en leer uit hulle uitdagings en suksesse.

4.1.4 Dink anders oor gestremdheid

'n Gepaste Bybelvers in hierdie verband is 1 Samuel 16:7b: "... Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die innerlike." (1983 Vertaling)

'n Voorbeeld van hoe verandering van denke ten opsigte van gestremdheid kan begin: Lede van jou gemeente mag bedenkings hê oor mense met intellektuele gestremdhede se deelname in eredienste en ander kerkaktiwiteite. Hulle mag vrae soos die volgende vra:

> "Kry hulle enigiets uit die preek?"

"Kan hulle die betekenis van die doop en die waarde van nagmaal begryp?"

"Sal die ander lede van die gemeente hulle verwelkom?"

Vrae soos hierdie openbaar verskillende verwagtinge wat gemeentelede ten opsigte van mense met intellektuele gestremdhede mag koester. Hierdie verwagtinge mag dan versperrings tot deelname vorm. Die herformulering van hierdie vrae kan mense help om inklusief te dink. As mens 'n vraag herformuleer kry jy soms 'n heeltemal nuwe antwoord, wat jou perspektief verander!

"Indien ons hul vermoë betwyfel om die preek te verstaan, kan ons net so wel vra, hoeveel verstaan enigiemand anders die volle diepte van die preek?"

"Moet elke lidmaat al die ingewikkeldhede van die Kerkleer begryp alvorens die sakramente gebruik kan word? In watter mate begryp enigiemand van ons die volle betekenis van die sakramente?"

"Voel álmal noodwendig altyd welkom in die kerk?"

Spiritualiteit is nie irrelevant vir 'n persoon met intellektuele gestremdheid nie. Geloof word nie beperk deur iemand se onvermoë om kerkleer te begryp, of om sy/haar oortuigings op dieselfde wyse as die ander lidmate uit te druk nie.

Voorbeeld:

'n Dame in haar vroeë twintigerjare is intellektueel gestrem. Alhoewel sy nie in staat is om sinvol te praat of te kommunikeer nie, wil dit voorkom asof sy gesprekke kan volg en sensitief is vir mense se gemoedstoestande. Op 'n dag gaan sy saam met haar ouers om haar pa se kollega wat terminaal siek was, te besoek. Blykbaar was hy onverskillig teenoor God. Toe hulle by die huis uitstap, tel sy 'n Bybel op en beduie vir haar ma dat hulle dit vir die sterwende man moet saamneem.

Geloof in God behels meer as blote kennis. Dit sluit in elemente van vertroue, lojaliteit en verbintenis met God. Dit inkorporeer idees, emosies, toewyding en dade. Dit is iets wat bekend is and ondervind word. Dis 'n diepe wete en word beléef

Kerklidmate opper soms ook die volgende besware:

- "Hierdie vernuwings lyk 'n bietjie oorbodig. Ons het per slot van rekening, geen persone met gestremdhede in ons gemeente nie."
- "Ons kerk is nie groot genoeg om 'n bediening vir gestremdes te hê nie."
- "Ek weet hy's 'n bietjie ouer, maar hy sal tog maar die beste versorging in die kleuterafdeling kry."
- "Sal Gert maar altyd so wees? Sal hy ooit sy kinderlike toestand ontgroei?"
- "Waarom moet haar hond in die kerk toegelaat word? Sy kan tog seker daarsonder die gebou binnegaan?"

Kerklike tradisies wat gestremdheid assosieer met die ouers se sonde , gebrek aan geloof of verwerping deur God, veroorsaak dat mense met gestremdhede die sin van die lewe, die betekenis van Goddelike liefde, hulle eie waarde en selfs die bestaan van God bevraagteken.

Desnieteenstaande word ons waarde nie bepaal deur ons vaardighede en vermoëns nie en God beperk nie Sy liefde tot mense wat aan sekere fisiese kriteria voldoen nie.

Mense met gestremdhede word soms as invalides gesien en weens hierdie misverstand word dit aanvaar dat gemeentes wat nie oor professionele versorgers beskik nie, nie in staat is om hulle deure vir almal oop te stel nie.

Kom ons som op: *Die uitdaging is om anders te dink oor gestremdheid*.

4.2 Bou anders as in die verlede

Besonderhede i.v.m. fisiese toeganklikheid word aangespreek in "Buildings for Everyone". Elke gedeelte en vertrek van die kerkgebou behoort toeganklik te wees vir mense met rolstoele en ander mobiliteitshulpmiddels. Dit geld vir deure, opritte, gange en toilette.

Daar is egter minder ooglopende fisiese aspekte wat die deelname van mense met gestremdhede affekteer. Dit kry aandag in die volgende afdeling met verwysing na klein aanpassings in die aanbiddingsdiens wat dan alle mense in staat sal stel om deel te neem.

4.3 Pas die aanbiddingsdiens aan

Mense met gestremdhede mag uitgesluit word van die sakramente as hulle nie in staat is om op die gebruiklike manier deel te neem nie, en die gemeenteleiers nie bereid is om hul tradisies aan te pas nie.

Voorbeelde hiervan is 'n kind met outisme wat deelname aan nagmaal geweier is en ’n pastoor wat nie 'n paartjie met gestremdhede in die huwelik wou bevestig nie.

Verder word die woorde van liedere in baie kerke op 'n skerm geprojekteer. Mense met visuele beperkings, bejaardes en mense wat aan disleksie ly, kan nie die woorde op die skerm lees nie en voel dus uitgesluit. Dit kan aangespreek word deur sangblaadjies te voorsien aan die wat dit verkies, of deur Die NG Kerk Worcester Vallei se voorbeeld te volg, deur gesangboeke in Braille te verskaf.

Mense met gehoorprobleme vind baat by gehoorversterkingsapparate en tolke in gebaretaal. 'n Afsonderlike dokument getiteld "Accessible churches for people with hearing impairments", is beskikbaar wat besonderhede verskaf oor hoe om 'n erediens toeganklik te maak vir die deelname van dowe lidmate.

4.4 Verander die interaksie

Baie mense ignoreer mense met gestremdhede omdat hulle doodeenvoudig nie weet hoe om met hulle en/of hul gesinne te kommunikeer nie. Die volgende wenke sal jou help om op jou gemak te voel wanneer jy kinders en volwassenes met gestremdhede verwelkom:

- Gasvryheid begin met 'n eenvoudige “Hallo!” 'n Warm groet en 'n hartlike handdruk vereis geen spesiale afrigting nie en behoort met vrymoedigheid uitgedeel te word. Stel jouself bekend en wag vir die persoon met 'n gestremdheid om hom / haarself aan jou voor te stel. Volwassenes met gestremdhede is bo alles tog volwassenes. Moenie met hulle omgaan asof hulle kinders is nie.
- Vermy enige neiging tot neerbuigendheid in jou taalgebruik of aanspreekwyse. Sommige Afrikaanssprekers het die neiging om verkleinwoorde soos “liefie” of “my skatjie” te gebruik wanneer hulle met gestremdes praat. So probeer hulle uitdrukking gee aan hulle simpatie met die mense. Dit is egter vernederend en moet vermy word.

- As jy jouself aan iemand met 'n gestremdheid voorstel en jy gebruik jou titel, spreek dan ook die persoon met 'n gestremdheid op sy/haar titel aan. Moenie sê: "Ek is Mevrou Botha. Goeiedag, Andries" nie. Die persoon met die gestremdheid voel dan sy van word weggelaat weens sy "junior status" in die oë van die spreker! As jy jouself voorstel en jou titel én van gebruik, spreek die persoon met 'n gestremdheid op dieselfde manier aan en sê dan: "Ek is Mevrou Botha. Bly te kenne, Meneer Erlank".
- Kyk altyd na, en praat direk met die persoon met die gestremdheid i.p.v. via die familielid, persoonlike assistent, of metgesel.
- Groet persone met gestremdhede net soos jy enige iemand anders groet, selfs al is hulle nie in staat om verbaal te kommunikeer nie. Moenie sommer aanvaar dat hulle jou nie kan verstaan nie. Mense met intellektuele gestremdhede mag langer neem om sekere dinge te doen of te sê. Bly geduldig en gee jou volle aandag aan hulle.
- Wanneer jy praat met 'n persoon wat hakkel, moenie sy/haar sinne probeer voltooi nie. Nege uit tien keer sal jy verkeerd raai en die persoon met die spraakprobleem net verder frustreer. Wag geduldig vir die spreker om sy sin te voltooi.
- Gun elke persoon die geleentheid om soveel as moontlik vir hom/haarself te doen. Vra die persoon of hy/sy hulp benodig, maar wag tot jou aanbod aanvaar word, voordat jy help. Moenie seergemaak voel as jou aanbod van die hand gewys word nie - dit is die persoon se volle reg om hulp te aanvaar of nie.
- As jy sukkel om iemand te verstaan, is dit in orde om die persoon te vra om wat gesê is te herhaal. Andersom, as die persoon met gestremdheid jou nie verstaan nie, herfraseer jou vraag of kommentaar.
- Wanneer jy in die teenwoordigheid van iemand met 'n gestremdheid is, moenie van hom of haar praat asof hulle nie daar is nie.
- Behandel elke persoon met respek, selfs as die persoon se deelname bietjie anders lyk.
- Deel gesangboeke, gebedeboeke, Bybels en ander materiaal aan almal uit, ongeag of hulle kan lees of nie.
- Wanneer jy agterkom dat 'n persoon met intellektuele gestremdheid ontoepaslik optree, gee duidelike maar nie-veroordelende terugvoer. 'n Persoon met 'n leergestremdheid praat dalk weens verveling met hom/haarself gedurende die diens. Raak aan die persoon en praat saggies, vertel hom/haar waaroor die boodskap gaan.
- Moenie mense met gestremdhede ignoreer nie. Gee normale erkenning aan hulle teenwoordigheid soos met enigiemand anders en probeer hulle insluit in enige aktiwiteit waarmee jy besig is.
- Moenie huiwer om woorde soos 'sien', 'loop', 'luister' te gebruik wanneer jy kommunikeer met persone met gestremdhede nie. Mense met gestremdhede gebruik self hierdie woorde, want dis deel van gewone spreektaal.

5 STEL DIE ENJIN IN VIR DIE LANG REIS

As 'n roete vir die reis na insluiting vir almal uitgewerk is, is dit nuttig om 'n goed ingestelde enjin te hê vir die lang pad.

Om 'n omgewing te skep waarin mense met gestremdhede aan al die kerkaktiwiteite kan deelneem, is 'n dinamiese proses watvolhoubaar behoort te wees. Maak seker dat al die fasiliteite en aktiwiteite fisies toeganklik en gebruikersvriendelik is vir mense met gestremdhede. Persone met gestremdhede behoort in staat te wees om in die kerk te dien, sodat hulle bediening kan ontvang, sowel as om ander te bedien, net soos enige ander lidmaat dit kan doen.

Betrokkenheid behoort op alle vlakke moontlik te wees: selgroepe in huise, Sondagskoolklasse, kerkkore, jeuggroepe, groepe wat betrokke is by siekebesoek, ondersteuningsgroepe vir sendelinge en gebedsgroepe.

Mense met gestremdhede mag byvoorbeeld ook graag as plekaanwysers, sprekers, of gebedsleiers wil dien. Die geheim rakende insluiting is dat almal gasvryheid en openhartigheid sal beoefen. Hierdie proses van insluiting kan volhoubaar wees as ons mekaar as gelykes aanvaar; en van mekaar leer deur gesprekvoering. Dit is in die proses van "gee en neem" dat ons die rykdom van elkeen se menslikheid ontdek. Dit is daarom noodsaaklik om geleenthede vir dialoog tussen mense met, en diegene sonder gestremdhede te skep.

5.1 Lewensstories en die belangrikheid van gesprekvoering

Lewenstories is 'n waardevolle manier waarop nuwe idees oor mense met gestremdhede na vore gebring kan word. Verhale oor lewens met gestremdhedeid dien as ryk inligtingsbronne. As ons aandagtig luister, kan ons sake wat aangespreek moet word, identifiseer.

So ook kan gesprekke oor gestremdheid verrykend en bevrydend vir almal wees. Die kern van hierdie dialoog is die begeerte om mekaar as gelykes te leer ken.

- Ouers kan praat oor hoe om gesinne met gestremde kinders ten beste te ondersteun.
- Lidmate kan praat oor die impak wat mense met gestremdhede op hulle lewens gehad het.
- Jongmense en volwassenes met gestremdhede kan praat oor hulle geestelike reis.
- Mense met of sonder gestremdhede sal aangenaam verras wees oor hoe hulle mekaar se ervarings en geestelike insig aanvul.

Vrae kan besprekings stimuleer en die insluiting van mense met gestremdhede bevorder. Vrae kan die volgende sake aanspreek:

Persepsies van gestremdheid:

- Wat is jou opvattings oor hoe mense met gestremdhede behandel word?
- Mense met gestremdhede word dikwels verwerp weens hulle voorkoms. Hoe reageer jy hierop?
- Hoe dink jy sal 'n mens se siening oor gestremdheid beïnvloed word as jy 'n familielid met 'n gestremdheid het?

Vrese en gevoelens:

- Watter rol speel vrees vir die onbekende as ons met iets vreemd soos 'n persoon met gestremdheid, te doen kry?
- Wat kan ons doen om die vrees vir die onbekende te oorwin?
- Wat is die gevolge daarvan as jy aan vrees vir die onbekende vasklou?

Die Christelike gemeenskap:

- Hoe skep ons broederskap tussen mense met uiteenlopende vermoëns, voorkoms, agtergronde en sieninge?
- Hoe kan mense uit diverse groepe mekaar halfpad ontmoet?

- Watter positiewe riglyne vind ons in die Christelike geloof waarvolgens ons probleme soos uitsluiting of ”andersheid” kan aanspreek; en wat ons kan laat groei in gasvryheid en onvoorwaardelike aanvaarding?
- Hoe sien jy die insluiting van mense met gestremdhede by die kerk se bedieninge? Wat kan gedoen word om te verseker dat almal in staat gestel word om hulle Godgegewe gawes te beoefen, om sodoende ander te bedien en nie net deur ander bedien te word nie?

'n Natuurlike plek om stories te gebruik is in preke. Gebruik stories oor gasvryheid, gemeenskaplikheid en insluiting. Sluit mense met gestremdhede by stories en gebede in.

Beweeg weg van negatiewe beelde van mense met gestremdhede. ‘n Predikant in Johannesburg het so 'n flater begaan toe hy die volmaaktheid van die Paaslam geïllustreer het deur te sê:

“’n Lam wat 'n donkerbril dra en met 'n wit kierie loop, sou deur die priester verwerp word.”

Hy was heeltemal bewus daarvan dat sy blinde lidmaat daardie oggend in die kerk was toe hy dit gesê het. Dit was net haar man se bemoediging wat haar gekeer het om die kerk te verlaat, want sy was baie seergemaak deur die prediker se woorde.

In baie kerkaktiwiteite is daar geleenthede om stories oor gestremdheid te vertel en om daarna te luister: selgroepe in lidmate se huise, jeug belangegroepe, vrouegroepe. Wanneer 'n mens die sensitiwiteit ontwikkel het om fyn te luister, word sulke stories 'n ryke seën.

5.2 Openhartigheid tydens dialoog

Geen opleiding is nodig as jy met mense met gestremdhede wil kommunikeer nie. Om ‘n besoeker met gestremdheid te verwelkom, is geensins anders as om 'n mens sonder gestremdheid te verwelkom nie. Vra byvoorbeeld hoe die persoon se week was en vertel hom/haar hoe joune was. Gesels oor jou en sy/haar belangstellings en stokperdjies. Jy kan selfs met 'n blinde persoon praat oor TV programme soos Sewende Laan. Dit is deur middel van alledaagse interaksie waardeur jy die waarde wat jy aan iemand heg, kommunikeer. In ons kontak met mense, groei ons sensitiwiteit vir elekeen, of hul gestremdis of nie. Dit is daarom uit respek vir mense met gestremdhede dat ons onsself vergewis van die volgende:

- Basiese begrip van die verskillende tipes gestremdhede.
- Terminologie wat die menswaardigheid van mense met gestremdhede respekteer sien punte 4.4 en 8 van hierdie dokument.
- 'n Bybelse en bevrydende siening van gestremdheid. Kyk na die materiaal vir Bybelstudie op die webwerf www.rampup.co.za .

5.3 Mense met gestremdhede wat nie deel van die kerk is nie

Hou dit in gedagte dat daar mense met gestremdhede in die gemeenskap is wat betrokke sou wou raak in die kerk, maar nog nie gereed voel daarvoor nie. Moenie sonder meer aanvaar dat jy weet wat die redes vir hulle huiwering is nie. Skep liewer geleenthede vir interaksie met die doel om 'n verhouding van wedersydse vertroue te bou. Uiteindelik sal dit moontlik wees om oor sake wat verband hou met gestremdheid, geloof, insluiting en samehorigheid te praat.

6 PADKOS VIR DIE REIS

Hoe kan 'n lang rit per motor in Suid-Afrika plaasvind sonder padkos? Geen reis is volmaak sonder die kinders op die agterste sitplek se bakleiery oor die slap tjips nie; Ouma wat streng beheer uitoefen oor Ladysmith se warmste samoesas; Pa wat mor oor die roomys wat drup op die bekleedsel en Ma wat sukkel met die taaiste stuk beesbiltong deuskant Laingsburg. Padkos vir die reis na 'n inklusiewe kerk behels dus 'n paar praktiese reelings wat die reis aangenaam sal maak:

6.1 Vervoer

As jy mense met gestremdhede in jou gemeenskap uitnooi om jou kerk by te woon byvoorbeeld op Sondag vir Persone met Gestremdheid, maak seker dat jou gaste toeganklike vervoer het. Party besoekers sal saam met vriende of familielede kom, terwyl ander op hulle eie woon en gehaal sal moet word. Mense wat in rehabilitasiesentrums of aftree-oorde woon, mag moontlik vervoer bekom wat deur die sentra verskaf word, maar maak eers seker hiervan.

Dit sal baie nuttig wees om 'n ondersteuningspan te hê wat lidmate en besoekers met gestremdhede kan gaan oplaai. Dit sal makliker vir hierdie vrywilligers wees as hulle beurte maak om mense by die huis te gaan haal en weer te gaan aflaai. Dan is die mense ook nie so afhanklik van net een spesifieke persoon vir vervoer nie.

6.2 Sluit almal in by jou werkgroepe en ander kerkaktiwiteite

Mense met gestremdhede kan regtig by werksgroepe ingesluit word. Dit is ook vir hulle bemagtigend om ander mense te help en dit bevorder die gevoel van insluiting.

Esmé, 'n rolstoelgebruiker van Randburg, sê: "Ek hou daarvan as die kerkmense my uitnooi om saam met hulle die kerksaal te verf, of om die Sondagskoolklasse te versier."

6.3 Sluit almal by belangegroepe in

Mense met gestremdhede wil nie afgesonder word nie. Bedink daarom maniere om alle kerkgroepe, soos groepe vir enkellopendes, toeganklik te maak. Help almal om deel te neem aan groepsaktiwiteite. As jy byvoorbeeld 'n piekniek reël, maak seker dat elkeen gevra word om verversings by te dra. Mense voel uitgesluit van die groep as daar vir hulle gesê word dat hulle niks moet bring nie. Ons almal begeer om nodig te wees. Dit is belangrik vir mense met gestremdhede om deel te wees van die portuurgroep waaraan hulle normaalweg sou behoort het, as hulle nie gestremd was nie. 'n Portuurgroep se ondersteuning is tog vir almal ewe belangrik.

> 'n Uitstekende voorbeeld van 'n inklusiewe aktiwiteit is die 'Alarga Stroll' - die Wandeling na Emmaus, vir mense met gestremdhede ('Alarga' is die Spaans vir 'om om te gee') Die 'Alarga Stroll' gee aan deelnemers die geleentheid om God se liefde te ervaar en te beoefen.
>
> In 2001 het die eerste Alarga Stroll plaasgevind by die Cyara konferensie-sentrum, by Hekpoort in die Magaliesberg. Alarga is 'n tyd en geleentheid om te leer vir hulle wat dien en hulle wat bedien word, 'n kans vir elkeen om hulle waarde in Christus te ontdek. Gebed is 'n integrale deel van die naweek.
>
> Die Alarga Stroll stel mense met gestremdhede in staat om saam met nie-gestremdes te dien in die bedieningspan.
>
> Mnr en Mev Eric en Pat Pollock, wie se kontakbesonderhede op die lys van "Resourceful people" gevind kan word, sal jou graag van verdere besonderhede voorsien.

6.4 Bied aan om mense winkels toe te neem

Mense met gestremdhede wat onafhanklik woon, mag hulp met inkopies waardeer. Dis dalk nie nodig om elke keer te help nie, maar byvoorbeeld eenmaal in 14 dae kan dit tog welkom wees. Vra in elk geval of hulp benodig word en bespreek betaling vir brandstof en parkering.

6.5 Bied aan om met naaldwerk en huishoudelike onderhoudswerk te help

Alhoewel sommige mense met gestremdhede goed is met naaldwerk en breiwerk, is daar ander wat jou hulp hiermee sal waardeer. Andere sal weer hulp met algemene onderhoudswerk, soos met die herstel van druppende krane, hoog op prys stel. Laat hulle gerus toe om jou met 'n teenprestasie te beloon.

6.6 Besoek mense in tehuise vir bejaardes en aftree-oorde

Mense wat in aftree-oorde woon, verwelkom besoekers. Hulle moet gereeld daaraan herinner word dat ander mense nog steeds in hulle belangstel. Daar is by hulle meermale 'n behoefte om oor die verlede te praat en daarvoor het hulle 'n gewillige luisteraar nodig. Mense met gestremdhede kan saam met die besoekende spanne werk. Dikwels gebeur dit dat mense in aftree-oorde hulle troeteldiere mis en dit kan dan plesier verskaf om met 'n gidshond te gesels. So kan 'n blinde persoon met 'n gidshond 'n betekenisvolle aanvulling tot 'n besoekspan wees.

6.7 Lees posstukke vir blindes voor

Die voorlees van pos en ander geskrewe stukke is 'n groot hulp vir blindes, veral as hulle nie rekenaarvaardig is nie. Sommige mense met visuele gestremdhede maak gebruik van rekenaars en skandeerders om gedrukte pos te lees. Handgeskrewe briewe kan egter nie geskandeer word nie en blinde persone waardeer dan hulp daarmee.

Aanvaar asseblief die persoon se gasvryheid as hy/sy vir jou koffie of tee aanbied. Doen jy dit nie, mag die persoon voel dat jy hom/haar as 'n welsynsgeval beskou en dat jy hom/haar nie as volwaardige persoon ag nie.

6.8 Aflos-sorg

Oorweeg dit om 'n aflos-sorgbediening in julle gemeente te begin. Daar is 'n groot nood vir sulke bedieninge in Suid-Afrika. Lede van julle groep kan ook aansluit by organisasies wat aflos-sorg verskaf aan mense met VIGS, kankerpasiënte, bejaardes en mense met demensie.

Ander lede kan aanbied om aflos-sorg te verskaf vir gesinne met gesinslede wat ernstige gestremdhede het. 'n Vrywilliger kan byvoorbeeld vir 'n kind met gestremdheid sorg, terwyl die gesin gaan inkopies doen.

6.9 Indiensneming van mense met gestremdhede

Jy kan sakemanne in jou gemeente aanmoedig om mense met gestremdhede aan te stel in vakante poste waarvoor hulle gekwalifiseer is. Die mikpunt behoort te wees om sulke mense te bemagtig deur hulle as werknemers te beskou, en nie as welsynsgevalle nie. Op hierdie wyse sluit jy mense met gestremdhede nie net by jou kerk in nie, maar sodoende word hulle ook in die groter gemeenskap, buite die kerkmure, opgeneem as mense wat 'n waardevolle bydrae lewer.

7 BIDDEND OP REIS

Die meeste van ons begin 'n lang reis met gebed vooraf. Een van die vreugdes van sendingwerk is dat mense altyd bymekaarkom om saam met jou te bid voordat jy na jou volgende bestemming vertrek. Dit is werklik 'n groot seën om te hoor hoe hulle so spesifiek en liefdevol vir jou bid.

Maar tog, soos vroeër genoem, veroorsaak die kwessie van geloof, gebed en gestremdheid vir die mense met gestremdhede heelwat angs en foltering, omdat hulle een of ander tyd in gebed om genesing ingedwing is en in die proses emosioneel seergekry het. Mense wat ná gebed steeds gestremd is, word dikwels geblameer vir die afwesigheid van 'genesing'. As jy wil bid, doen dit dan met respek, sensitiwiteit en nederigheid. Dit is nie 'n saak wat sommer net in die verbygaan afgehandel kan word nie. As jy na biddende voorbereiding nog steeds die persoon se toestemming wil vra om vir hom/haar te bid, toets jou motiewe aan die volgende vrae:

- Hoe goed ken ons mekaar?
- Waarom wil ek bid? Is dit uit jammerte?
- Dink ek die persoon is minderwaardig weens die gestremdheid?
- Glo ek die persoon is gestrem weens sy / haar of die familie se sonde ?
- Beskou ek die persoon as 'n mens met potensiaal, ten spyte van sy/haar gestremdheid?
- Soek ek dalk erkenning as 'n geloofsgeneser?

As jy die persoon goed ken, en julle is medegelowiges, en jy wil oor sy/haar gestremdheid vir hom/haar bid, vra eers vir die persoon of jy dit mag doen. As die persoon nie gemaklik voel met jou voorstel nie, aanvaar sy/haar gevoelens en moenie hulle laat skuldig voel oor die afwysing van jou versoek nie.

Baie mense met gestremdhede lewe sinvolle lewens en het wel voorbidding nodig vir die strydvrae waarmee elkeen gekonfronteer word. Moenie sommer aanneem dat hulle gebedslewe op hul gestremdhede gefokus is nie. Onder geen omstandighede moet mense met gestremdhede verplig word om deel te neem aan 'n gebedsessie nie. Baie van hulle het reeds negatiewe ervarings gehad, byvoorbeeld waar hulle rolstoel gegryp is en hulle teen wil en dank na voor in die kerk gestoot is. So 'n praktyk is onaanvaarbaar. As 'n gestremde persoon wel na vore kom vir gebed, gee hul geleentheid om hulle gebedsversoeke te deel. Moenie sommer aanneem dat jy weet wat hul gebedsversoek is nie.

Baie gestremde persone het slegte ervarings gehad ten opsigte van genesing en gebed. In sommige kringe word hulle daarvoor geblameer dat hulle óf nie genoeg geloof het nie, óf selfs dat hulle hoegenaamd geen geloof het nie. Baie het hulle permanent van die kerk onttrek weens sulke ervarings.

'n Blinde dame van Johannesburg is na 'n profeet in Nigerië geneem vir gebed. Sy moes alleen in 'n kamer wag om in die kerk geneem te word. Niemand het met haar gepraat nie, want hulle het geglo dat sy blind was omdat sy 'vol sonde' was. Hierdie ervaring het maande se foltering veroorsaak na haar terugkeer vanaf Nigerië.

'n Gestremde persoon beskryf sy ervaring soos volg: "Die leraar en gemeente moet ophou om mý die middelpunt van hulle gebede en voel-goed aksies te maak. Hulle kry nooit end met hulle pogings om my te genees nie, terwyl hulle glo dat ek siek is of dat ek gestraf word deur hulle liefdevolle God. Ek vind dit arrogant. Hulle sê dié dinge nie reguit vir my nie, maar dit is wat hulle glo."

Bostaande verhale beklemtoon die realiteit van persone met gestremdheid se ervarings. Dit vra sensitiwiteit van geloofsgemeenskappe om werklik insluitend te funksioneer. Sien ook die dokument Riglyne in verband met genesing in die konteks van gestremdheid.

Een van my blinde vriende werk by 'n bank oorkant die Germistonse polisiestasie. Sy loop op 'n dag met haar gidshond verby die polisiestasie op pad werk toe, toe iemand vir haar vra:

"Soek jou hond na plofstowwe?"

8 GESELS MET MEKAAR LANGS DIE PAD

Ek was al op 'n hele paar staptoere, en dikwels op een of ander stadium, gebeur dit dat iemand se entoesiasme taan. Die regte woord op die regte manier, doen dan wondere om die energie-vuurtjie weer aan die gang te kry en die gewilligheid om die staptog deur te sien, te herstel. Hierdie woorde van aanmoediging doen baie om die groep stappers bymekaar te hou op die paadjie deur die berge.

Die regte woorde kan verseker dat al jou lidmate op hierdie reis na inklusiwiteit bymekaar bly en groei in die gemeenskap van gelowiges.

Dit is dus belangrik om inklusiewe taal te gebruik wanneer jy mense met gestremdhede in jou gemeente verwelkom. Gepaste taalgebruik is belangrik, ten einde negatiewe stereotipes nie te herhaal en te versterk nie. Mense met gestremdhede is meer besorg oor die houdings wat deur jou stemtoon uitgedruk word, as oor jou woorde. As jy onseker is en nie weet wat om te sê nie, is die oplossing eenvoudig om te vra.

8.1 Taal weerspieël ons houdings

- Ons taalgebruik behoort soos volg te wees:
    - o Persoonlik – 'persoon met 'n gestremdheid' eerder as 'n 'gestremde persoon'
    - o Positief – 'die persoon het 'n gestremdheid' eerder as 'ly aan 'n gestremdheid'
    - o Akkuraat - ''n rolstoelgebruiker' eerder as 'aan 'n rolstoel gekluister'. (Rolstoele verskaf 'n mate van onafhanklikheid: "As dit nie vir my rolstoel was nie, sou ek heeldag in die bed moes deurbring.")
- Gebruik 'persoon met 'n gestremdheid' eerder as 'gebreklike persoon' met die konnotasie van die afhanklikheid van welsynsgeval.
- Onthou dat ons van mense praat. Uitdrukkings soos 'die gestremdes', 'die siekes', 'die Blindes', 'die dowes' en 'die lyers' is onpersoonlik en impliseer groepe wat apart staan van die res van die gemeenskap.
- Vermy die etikettering van mense met gestremdhede. Etikette is vir koeldrankbottels, of flesse met kosware - nie vir mense nie!
- Moenie mense beskryf volgens die toestand wat hulle het nie. Dit ontneem hulle van hul identiteit. In plaas van 'n lam man, praat liewer van 'n persoon wat verlam is; of in plaas van 'n vertraagde kind, praat liewer van 'n kind met 'n intellektuele gestremdheid; 'n spastiese persoon is liewer 'n persoon met serebrale verlamming.
- Vermy negatiewe beelde soos 'ly aan . . ', 'n slagoffer van' of 'kreupel gemaak deur'.

☺

Somtyds vra mense my of my ander sintuie al skerper geword het vandat ek my sig verloor het. "Definitief my smaak-sintuig!" is my antwoord.

8.2 Vermy sekere woorde en uitdrukkings:

Vermy die gebruik van	**Gebruik liewer**
'kreupele'	'persoon met 'n gestremdheid'
'verstandelik vertraag'	'persoon met 'n leergestremdheid'of intellektuele gestremdheid
'spastiese lyer'	'persoon met serebrale verlamming'
'versorger' of 'sorggewer'	'persoonlike assistent' 'n assistent word in diens geneem deur die persoon met 'n gestremdheid wat dan ook betaal vir dienste gelewer; hulle is dus op gemeenskaplike grond. Die terme 'versorger' en 'sorggewer' benadruk afhanklikheid en behoeftigheid.
'gestremde parkering'	'toeganklike parkering' Dit is toeganklik vir rolstoelgebruikers wat self hulle motors bestuur en wyer ruimte benodig om vanuit die motor in die rolstoel te kom.
'toilet vir gestremdes'	(rolstoel) 'toeganklike toilet'

9 BRONNELYS

- DIFFERENT MEMBERS, ONE BODY - Welcoming the Diversity of Abilities in God's Family. Geredigeer deur Sharon Kutz-Mellem. Gepubliseer in medewerking met die Commission on Enabling Ministry Services. Kopiereg 1998 Witherspoon Press.

- Assisting blind people in the workplace: Orientation and guidelines. Die SA Biblioteek vir Blindes.
- disability SADA profile. pdf

- ALL WELCOME - A Best Practice Guide to Including Disabled People in the Life of the Church. THROUGH THE ROOF MINISTRIES - Working with Churches in the UK.

- DISABILITY AWARENESS SUNDAY - A PLANNING GUIDE FOR CHURCHES; Copyright CBM Australia; Luke 14 - Disability Inclusive Christian Communities 2009.

- INCLUDING PEOPLE WITH DISABILITIES IN FAITH COMMUNITIES, Eric W. Carter, Paul H. Brookes Co. 2007
- Seeking Signs and Missing Wonders Disability and the Church's Healing Ministry, by Geoffrey. Lay Monarch Books 1998; First published 1998 ISBN 1854244175.

- DISABILITY MINISTRY SUNDAY. JAF Ministries..